Oordenking
8 Desember 2008

Aanbid saam met die Wyses

Dit is redelik maklik om oor die daadsondes wat ons gedoen het en God aanstoot gegee het, bekommerd te wees. Maar wat van die sonde om na te laat wat ons weet God wil hê ons moet doen? Wat van dinge wat God aanstoot gee omdat ons **dit nie doen nie**?

Die Woord in Mat 2 oor die wyse manne wat die volk van Israel besoek het omdat hulle op soek was na die Christuskind, leer ons 'n belangrike les oor die sonde om na te laat om die regte ding te doen.
Ons almal ken koning Herodus se reaksie op die besoek van die Wyses – dit was haat wat tot moord gelei het. Maar wat was die reaksie van die godsdiensleiers wat vir Herodus die Skrif oor die geboorte uitgelê het? Dit was een van hoegenaamd geen reaksie nie. Die Bybel sê wel hulle was ontsteld oor wat die Wyses gesê het, maar hulle is ooglopend ongeraak deur die entoesiasme van die Wyses om die Christuskind te aanbid. Hulle het nie vir 'n oomblik oorweeg om self ook opsoek na die beloofde Messias te gaan en Hom saam met die Wyses te aanbid nie.

Jak 4: 17 leer: "As iemand weet wat die regte ding is om te doen en hy doen dit nie, is dit sonde."

Gebrek aan belangstelling in God se werk is maar net een tree weg daarvan om dit te haat en te beveg. Toe Jesus 30 jaar later met sy bediening begin, het dieselfde godsdiensleiers wat oorspronklik net onbelangstellend was, ook begin om Jesus te haat en uiteindelik te vermoor.

Ons kan en mag nie ongeraak deur die Evangelie van verlossing, passief wees as die gelowiges met groot passie die geboorte, lewe, offer en oorwinning van Jesus gedenk nie. Ons kan nie passief wees oor die goeie nuus van Christus nie, want dit lei uiteindelik daartoe dat ons sy vyande word.

Mag jy hierdie seisoen seën ontvang as jy die goeie nuus hoor dat die Koning van die Hemel in Betlehem gebore is en jy Hom getrou saam met die Wyse Manne en saam met die Kerk van Jesus aanbid, liefde bewys en volg. Mag jy seën ontvang as jy weet wat is die regte ding om te doen - en ***jy doen dit*** dan met jou hele hart!